NUUSBULLETIN

FEBRUARIE 2024

Niel van Wyk

Die voorsitter van U3A Stilbaai, Niel van Wyk, is op 31 Januarie 2024 oorlede.

Niel was 'n stigterslid van U3A Stilbaai in 2015, en het van meet af gedien as voorsitter. Hy het 'n reusebydrae gemaak tot die suksesvolle funksionering van ons vereniging.

Die jongste uitgawe van die bulletin word net aan lede gestuur; dit sal later op die webtuiste verskyn.

MAANDELIKSE PRAATJIE

Maandag 26 Februarie 2024 @ 10:00
Die Waenhuis, Jagersbosch

MUNISIPALITEITE: JUWELE OF VROT APPELS?

Willem Doman

Deur na die wetlike raamwerk vir munisipaliteite te kyk, gaan o.a. die volgende ietwat ongewone vrae aandag kry: Watter kenmerke het ‘n goeie munisipaliteit? Wat kan Uitvoerende Burgemeesters doen wat gewone burgemeesters nie kan nie? Eiendomswaardasies: ‘n Skoot in die donker? Is eiendomsbelasting nie eintlik maar net rykmansbelasting nie? Wat het Distriks-munisipaliteite met ons te doen? Is ‘n goeie GOP en R.O.R belangrik? Is ‘n PR van waarde? Waarom word artikel 139 van die Grondwet nie meer teen wanpresterende munisipaliteite ingespan nie?

Willem Doman (73), ‘n boorling van Kimberley, het die grade B.A., BTh en ‘n Meestersgraad in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy was Primarius van die koshuis Huis Marais en Voorsitter van die Studenteraad (1974). Hy was 14 jaar predikant in die NG Kerk in Kimberley en Goodwoodpark in Kaapstad. Hierna het hy ‘n loopbaan van 31 jaar in die politiek gehad. Hy was die eerste Speaker vir 2 termyne van die Wes-Kaapse Parlement en ook Provinsiale Minister van Plaaslike Regering. Daarna was hy 7 jaar skaduminister van Plaaslike Regering in die Nasionale Parlement. Hy was ook een termyn elk stadsraadslid van Goodwood (vanaf 1988), van Sol Plaatje in Kimberley (vanaf 2011) en van Kaapstad (vanaf 2016).

NEWS BULLETIN

FEBRUARY 2024

Niel van Wyk

The chairman of U3A Stilbaai, Niel van Wyk, passed away on 31 Januarie 2024.

Niel was a founding member of U3A Stilbaai in 2015, and served as its first chairman. He had a defining role in ensuring the success of our society.

The latest edition of the bulletin is sent to members only; it will appear on the website later.

MONTHLY MEETING

Monday 26 February 2023 @ 10:00
Die Waenhuis, Jagersbosch

MUNICIPALITIES: JEWELS OR ROTTEN APPLES?

Willem Doman

By looking at the legal framework for municipalities, some of the following somewhat unusual questions receive attention: What characteristics should a good municipality have? What can Executive Mayors do that ordinary mayors cannot? Property valuations: A shot in the dark? Isn’t property tax really just a rich man’s tax? What do District Municipalities have to do with us? Is a good GOP and ROR important? Is a PR of value? Why is section 139 of the Constitution no longer invoked against underperforming municipalities?

Willem Doman (73), a native of Kimberley, obtained the degrees B.A., B.Th. and a Master’s degree in Theology at the University of Stellenbosch. He was Primarius of the residence Huis Marais and Chairman of the Student Council (1974). He was minister for 14 years in the Dutch Reformed Church in Kimberley and Goodwood Park in Cape Town. After this he had a career of 31 years in politics. He was the first Speaker for 2 terms of the Western Cape Parliament and also Provincial Minister of Local Government. After that he was shadow minister of Local Government in the National Parliament for 7 years. He was also one term each city council member of Goodwood (from 1988), of Sol Plaatje in Kimberley (from 2011) and of Cape Town (from 2016).

U3A STILBAAI GROEPE

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite slegs vir lede aanbied. Meer inligting oor die groepsaktiwiteite is op ons webtuiste: www.u3astilbaai.org.

Elke groep het sy eie WhatsApp wat deur die groepleier beheer word.

U3A STILBAAI GROUPS

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members only. More information about the group activities may be found on our website: www.u3astilbaai.org.

Every group has its WhatsApp managed by the group leader.

BETAAL U 2024-LEDEGELD NOU!

Ledegeld vir 2024 bly dieselfde (R30 per persoon) as vantevore. Hernu asseblief u lidmaatskap so gou as moontlik. As u nie teen 31 Maart 2024 hernu nie, verval u lidmaatskap van U3A Stilbaai.

Om samedromming by ons maandelikse vergaderings te vermy (waar u kontant kan betaal), moedig ons lede aan om die ledegeld elektronies in ons rekening in te betaal. Gee asseblief U NAAM as die ontvanger se verwysing. Dit sal ook help as u die betaling per e-pos aan info@u3astilbaai.org kan bevestig.

Ons bankbesonderhede is: ABSA-bank; rek: U3A Stilbaai; rek nr.: 9321 782 429; takkode: 632 005; bedrag: R30 per persoon.

Moet asseblief nie u ledegeld oor die toonbank by ABSA betaal nie – die transaksiefooi alleen is ongeveer R70.

PAY YOUR 2024 MEMBERSHIP FEES NOW!

Membership fees for 2024 remain the same (R30 per person) as in previous years. Please renew your membership as soon as possible; if you do not renew by 31 March 2024, your membership of U3A Stilbaai will lapse.

To avoid the rush at our monthly meetings (where you can pay in cash), we urge members to transfer the money into our account electronically. Please enter YOUR NAME as the recipient's reference; it would also help if you confirm the payment by email to info@u3astilbaai.org.

Our bank details are: ABSA Bank; Acc.: U3A Stilbaai; Acc. No: 9321 782 429; Branch code: 632 005; Amount: R30 per person.

Please do not pay your membership fees over the counter at ABSA Bank - the transaction fee alone is about R70.

UITNODIGING OM OP U3A STILBAAI KOMITEE TE DIEN

Ons Algemene Jaarvergadering is op Maandag 26 Februarie 2024. Ons sal binnekort die formele kennisgewing uitstuur, en daarna die Voorsitter se Verslag en die Finansiële Verslag beskikbaar stel.

By die AJV moet die Komitee verkies word; ons is altyd op soek na nuwe lede en sal enige belangstelling waardeer. Kontak ons gerus op info@u3astilbaai.org om ons te laat weet as u belangstel, of kontak een van die dienende komiteelede.

INVITATION TO SERVE ON U3A STILBAAI COMMITTEE

Our Annual General Meeting is on Monday 26 February 2024. We will soon send out the formal notice, followed by the Chairperson's Report and the Financial Report.

At the AGM the committee must also be elected. We are always looking for new members and will appreciate any interest. Contact us on info@u3astilbaai.org to let us know if you are interested or contact one of the serving committee members.

MAANDELIKSE PRAATJIES 2024

Die voorlopige program vir die volgende maande is soos volg. Die program kan op kort kennisgewing verander.

26 Februarie: **Algemene Jaarvergadering.** Dit word gevolg deur 'n praatjie deur Willem Doman met die titel: **"Munisipaliteite: Juwele of vrot appels?"**

25 Maart: Johan van Rooyen praat oor hoe damme aangewend kan word vir vloedbeheer.

29 April: Keith Muller praat oor die geskiedenis van Melkhoutfontein.

MONTHLY TALKS 2024

The provisional programme for the following months is as follows. The programme can change at short notice.

26 February: **Annual General Meeting.** This is followed with a talk by Willem Doman: **"Municipalities: Jewels or rotten apples?"**

25 March: Johan van Rooyen discusses using dams for flood control.

29 April: Keith Muller talks about the history of Melkhoutfontein.

©2024. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.